November 2020
Select-plan

Geagte Lid

**VOORDELE EN BYDRAES VIR WERKENDE LEDE EN PENSIOENARISSE VIR 2021**

Soos ons die einde van 'n jaar waarin die COVID-19-pandemie die wêreld onderstebo gedraai het nader, wil Transmed graag die voordelegids vir 2021 aan ons gewaardeerde lede bekendstel. Hierdie gids bevat belangrike inligting oor die voordele en bydraes van elk van die voordeelplanne vir 2021.

**Bydrae- en voordeelverhogings in 2021**

Ten spyte van die moeilike finansiële klimaat was die Fonds in staat daartoe om die bydraeverhoging onder 6% te hou, terwyl die voordeelstruktuur behou is en limiete in lyn met verwagte inflasionêre verhogings aangepas is.

*Let asseblief daarop dat hierdie veranderinge by die Raad van Mediese Skemas vir goedkeuring ingedien is voor dit in werking tree.*

**Indien u van plan wil verander**

Lede kan hul voordeelplan een keer per jaar aan die begin van die nuwe voordeeljaar verander. Indien u voordeelplan tans nie meer aan u en u gesin se gesondheidsorgbehoeftes voldoen nie, kan u dit oorweeg om van plan te verander.

'n Plankeusevorm is hierby ingesluit indien u in 2021 van voordeelplan wil verander. Die voltooide vorm moet die Fonds teen nie later nie as 31 Descember 2020 bereik.

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die 24-uur-voorafmagtigingsdiens (tolvry by 0800 225 151) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys tydens 'n noodgeval en wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is gedurende kantoorure vir alle toelatings beskikbaar en ook na-ure en oor naweke en openbare vakansiedae tydens noodgevalle. Dit vul die 24-uur-noodlyn (tolvry by 0800 115 750) aan, waar 'n ambulans in die geval van 'n mediese noodgeval versoek kan word.

**Dokter-advieslyn**

*'n Dokter staan gereed – enige tyd, enige plek en teen geen koste nie*

Hello Doctor is 'n selfoongebaseerde diens wat u direkte toegang tot gekwalifiseerde dokters vir gesondheidsadvies en -inligting bied.

Verwys asseblief na die voordelegids vir meer besonderhede oor hoe om van hierdie diens gebruik te maak.

**Nuwe kliëntedienskanale: Kommunikeer met ons**

Ons soek altyd na maniere om ons kliëntediens te verbeter en om u ondervinding geriefliker te maak.

*Vervolg op keersy*

U kan ook nou deur middel van die volgende nuwe kanale met Transmed in verbinding tree:

- Webklets – Webklets laat u toe om intyds met ‘n kliëntedienskonsultant te kommunikeer deur die Transmed-webtuiste by www.transmed.co.za te besoek. Kliek op die ’chat’-ikoon onderaan die webblad, voorsien die vereiste inligting en begin gesels.
- WhatsApp – U kan ook intyds met ‘n kliëntedienskonsultant gesels deur ‘n WhatsApp na 0860 005 037 te stuur.

**Transmed se mobiele app: Gerieflike toegang tot u persoonlike inligting**

Het u Transmed se mobiele app afgelaai?

Die app gee u geredelike, 24-uur-‘n-dag-toegang tot u mediese fonds-inligting op u foon. Die app laat u toe om:

- ‘n elektroniese weergawe van u lidmaatskapkaart te besigtig
- u lidmaatskapinligting te besigtig
- u beskikbare voordele te besigtig
- u eise-inligting en betalings te besigtig
- hospitaal- en chroniese medikasie-magtigings te besigtig
- navrae in te dien
- toegang tot dokumentasie, soos lidmaatskap- en belastingsertifikate en eisestate te verkry.

Ten einde toegang te vergemaklik kan u die Transmed mobiele app aflaai deur die Apple App- of Google Play-winkels te besoek. Indien u enige probleme ondervind wanneer u die app aflaai, skakel ons kliëntediensdepartement asseblief by 0800 450 010 om te praat met ‘n kliëntedienskonsultant, wie u graag sal bystaan.

**Het ons u jongste kontakbesonderhede?**

Verseker asseblief dat ons u jongste kontakbesonderhede op rekord het, aangesien ons nie wil hê u moet enigiets mis nie!

U kan u kontakbesonderhede op datum bring deur met Transmed in verbinding te tree deur middel van een van die volgende kanale:

- Kliëntediensdepartement: 0800 450 010
- Epos: membership@transmed.co.za
- Faks: 011 381 2041/42
- Pos: Premiebestuur, Posbus 32931, Braamfontein 2017

Onthou asseblief om die Fonds in kennis te stel van enige veranderinge aan u bankbesonderhede om te verseker dat enige terugbetalings wat aan u verskuldig is sonder enige vertragings verwerk en betaal word.

**Ten slotte**

Ek wil namens die Raad van Trustees van hierdie geleentheid gebruik maak om u en u geliefdes ‘n gesonde en veilige feesseisoen toe te wens.

Vriendelike groete

**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE